CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# SMARTCAPE-PRIVAATHEIDSVERKLARING

Beste SmartCape-gebruiker,

Hierdie privaatheidsverklaring verduidelik die SmartCape-beleid ten opsigte van die privaatheid van u persoonlike inligting. Deur die volgehoue gebruik van die SmartCape-diens, stem u ooreen met en aanvaar u die bepalings van hierdie verklaring, met inbegrip van enige gevolglike veranderings daaraan. Indien u nie ooreenstem met die beleid wat in hierdie verklaring uiteengesit word nie, moet u asseblief nie die SmartCape-diens gebruik nie.

Die Stad Kaapstad is daartoe verbind om toegang tot inligtingstegnologie aan die burgers van Kaapstad te voorsien en besef dus hoe belangrik dit is om die privaatheid van enige persoonlik identifiseerbare inligting wat deur die gebruikers van sy SmartCape-diens ingesamel word, te beskerm. Die oogmerk van hierdie privaatheidsverklaring is om die regmatige belange van die Stad Kaapstad in die versameling en gebruik van inligting en gebruikers se redelike verwagtings van privaatheid te balanseer.

Die Stad Kaapstad samel inligting oor u in wanneer u as ’n SmartCape-gebruiker registreer. Dit sluit u naam, identiteitsnommer, ouderdom en adres in. SmartCape versoek ook inligting oor u opvoedkundige kwalifikasies en werk, maar u hoef nie hierdie inligting te verskaf as u nie wil nie. Hierdie inligting is egter nuttig om die Stad Kaapstad te help om sy dienste te regverdig en verbeter.

Die SmartCape-stelsel bly ook op hoogte van die volgende: Wanneer, waar en hoe dikwels u die SmartCape-diens gebruik, asook die toepassings wat u gebruik. Wees asseblief bewus dat u persoonlik identifiseerbare inligting ingesamel kan word deur die webwerwe wat u besoek. Hierdie privaatheidsverklaring dek nie die inligtingspraktyke van ander webwerwe nie.

**Hoe hierdie inligting gebruik word**
Die primêre doel met die insameling van persoonlike inligting is om SmartCape-gebruikers van ’n beter diens te voorsien. Hierdie inligting word op ’n kollektiewe grondslag saamgestel en ontleed. Deur iets oor u te weet, kan die Stad Kaapstad die SmartCape-diens ondersteun, dit verbeter waar nodig en die diens uitbrei sodat meer mense daarby kan baat vind. Die inligting wat ingesamel word, word dus gebruik vir:

- SmartCape-gebruikeradministrasie
- Tegniese administrasie van die SmartCape-stelsel en -netwerk
- Navorsing en ontwikkeling van die SmartCape-diens
- Bemarking van die SmartCape-diens aan gebruikers, vennote en borge
- Die Stad Kaapstad sal nie die ingesamelde inligting gebruik om spesifieke aktiwiteite rondom rekenaargebruik, -patrone of -gewoontes aan spesifieke individue te verbind nie.

**Met wie word hierdie inligting gedeel?**
Die Stad Kaapstad sal nie, as ’n algemene reël, enige van u persoonlik identifiseerbare inligting bekendmaak nie, behalwe as ons u toestemming het of onder spesiale omstandighede, byvoorbeeld wanneer ons te goeder trou glo dat dit volgens die wet nodig is. Die Stad Kaapstad kan sekere persoonlik identifiseerbare inligting gebruik met die doel om e-pos aan gebruikers van die SmartCape-diens te stuur. Die Stad Kaapstad kan ook in spesiale gevalle gebruikersinligting bekendmaak indien daar rede is om te glo dat die bekendmaking van hierdie inligting nodig is om iemand te identifiseer of te kontak, of om regstappe in te stel teen ’n persoon wat moontlik die SmartCape-voorwaardes vir gebruik

oortree of skade kan berokken aan of inmeng met (hetsy opsetlik of onopsetlik) die Stad Kaapstad se regte of eiendom, ander SmartCape-gebruikers of enige ander persoon wat deur daardie aktiwiteite benadeel kan word. Kollektiewe, anonieme inligting kan deur die Stad Kaapstad met vennote of borge gedeel word. Die Stad Kaapstad het sekuriteitsbeleide, reëls en tegniese prosedures ingestel om die persoonlike inligting wat deur SmartCape ingesamel word, te beskerm teen:

- Ongemagtigde toegang
- Onbehoorlike gebruik of bekendmaking
- Onregmatige verandering
- Onregmatige vernietiging of toevallige verlies
- Al die werknemers van die Stad Kaapstad en sy kontrakteurs en agente wat op enige wyse by die voorsiening en bestuur van die SmartCape-diens betrokke is, is verplig om die vertroulikheid van die SmartCape-gebruikers se inligting te respekteer.

**Bekendmaking en kontakbesonderhede**
Die inligting wat u verskaf het toe u as 'n SmartCape-gebruiker geregistreer het, kan hersien, verander of bygewerk word deur te klik op die knoppie op die rekenaarskerm wat gebruik word om 'n sessie by 'n SmartCape-toegangspunt te begin. Indien u glo dat u privaatheid oortree is, of dat u persoonlike inligting op 'n bedrieglike wyse gebruik is, tree asseblief met die bestuurders van die SmartCape-diens in verbinding by 021 400 3434.

Indien versoek, sal die Stad Kaapstad 'n SmartCape-gebruiker voorsien van 'n gedrukte afskrif van die inligting wat oor hom of haar ingesamel is. Hierdie inligting sal kosteloos voorsien word. Let asseblief daarop dat u gevra kan word om bewys van u identiteit te lewer.

**Nakoming**
Die Stad Kaapstad glo dat hierdie privaatheidsverklaring aan die Suid-Afrikaanse Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting van Januarie 2000 voldoen. Die Stad is ook van mening dat dit voldoen aan die VN-riglyne vir die regulering van persoonlike datalêers, wat 'n globale, selfregulerende instrument is wat volgens resolusie 45/95 van 14 Desember 1990 deur die Algemene Vergadering aanvaar is.

Indien u enige vrae of navrae oor die privaatheidsbeleide van die Stad Kaapstad het, soos toegepas op die gebruikers van die SmartCape-diens, tree asseblief met die bestuurders van die SmartCape-diens in verbinding by 021 400 3434.

**Aard van dienste wat gelewer word**
Die SmartCape-rekenaarfasiliteite, asook die fasiliteite vir SmartCape- draadlose internettoegang, word deur die Stad Kaapstad voorsien en is beskikbaar vir gebruik deur enige lid van die publiek.

U kan hierdie fasiliteit op een van die volgende wyses benut:

a) Registrasie as 'n SmartCape-gebruiker;

Ten einde 'n SmartCape-gebruiker te wees, moet u op goeie voet met die Stad Kaapstad se biblioteekdienste wees. Dit beteken geen biblioteekitems of boetes mag langer as 90 dae uitstaande wees nie en u moet oor 'n geldige biblioteekkaart beskik. Toegang tot die diens sal opgeskort word indien hierdie nie nagekom word nie.

Die biblioteeklid kan dan by 'n biblioteek registreer om toegang tot die SmartCape-fasiliteit te kry. Wanneer u die registrasieproses voltooi het, tik u gebruikersnaam en wagwoord in en klik op "continue" (gaan voort).

The library member may thereafter register at a Library in order to access the SmartCape facility. Once you have completed the registration process, insert your username and password and click on continue.

Om 'n SmartCape-gebruiker te wees, word daar van u verwag om 'n lid van 'n biblioteek te wees en oor 'n geldige biblioteekkaart te beskik. Die biblioteeklid kan daarna by 'n biblioteek registreer om toegang tot die SmartCape-fasiliteit te kry. Wanneer u die registrasieproses voltooi het, tik u gebruikersnaam en wagwoord in en klik op "continue" (gaan voort).

Gebruikers sal gevra word om sekere persoonlike besonderhede te verskaf om te registreer. Deur hierdie diens te gebruik, erken, aanvaar en verstaan die gebruiker die SmartCape-privaatheidsbeleid, wat verduidelik wat SmartCape met hierdie inligting doen.

Elke individuele biblioteeklid kan slegs een keer as 'n gebruiker registreer. Geen individu kan meer as een gebruikersnaam hê of van 'n ander geregistreerde gebruiker se gebruikersnaam of wagwoord gebruik maak nie.

Die gebruik van hierdie fasiliteite is kosteloos en gegrond op die beginsel van "eerste daar, eerste bedien". Gebruikers kan nie sessies vooruit bespreek nie.

'n Gebruiker kan slegs een keer 'n dag van die rekenaarfasiliteite gebruik maak (ook bekend as 'n sessie), ongeag die tydsduur van die sessie. Die gewone tydsduur van 'n sessie is 45 minute, maar dit kan na goeddunke van die bibliotekaris of administrateur van die toegangspunt aangepas word. Indien die sessie beëindig word voordat die toegekende tyd vir die sessie verby is, kan die oorblywende minute nie in 'n nuwe sessie gebruik word nie.

'n SmartCape-gebruiker wat draadlose internettoegang gebruik, sal 'n onbeperkte aantal sessies hê, sonder 'n tydsbeperking, maar 'n maandelikse dataperk sal vir elkeen gestel word. Die datagebruik sal d.m.v. die nasporing van individuele datagebruik gemonitor word. Die datagebruik word aan die begin van elke kalendermaand herstel.

Geregistreerde gebruikers word daaraan herinner dat hulle toegang tot dienste opgeskort sal word indien enige van hierdie voorvereistes nie nagekom word nie.

b) Tekengebruiker;

As 'n niegeregistreerde SmartCape-gebruiker wat 'n teken gebruik, hoef u nie 'n lid van 'n biblioteek te wees nie en 'n geldige biblioteekkaart is dus nie nodig nie. Indien u hierdie opsie wil gebruik, moet u aansoek doen om 'n teken wat na u selfoon gestuur sal word. U sal 50 megagrepe ontvang wat slegs vir daardie dag geldig is. Die teken sal om middernag herstel word en die gebruiker moet weer om 'n teken aansoek doen wanneer internettoegang by die fasiliteit verlang word.

Die SmartCape-rekenaarfasiliteite wat by 'n SmartCape-toegangspunt verskaf word, stel gebruikers in staat om:

- Dokumente, bv. 'n brief of CV, voor te berei en/of verander, lees of druk
- 'n Ontledingstaat voor te berei en/of verander, lees of druk
- 'n Voorlegging voor te berei en/of verander, lees of druk
- Die internet te gebruik om inligting te soek
- Dokumente op 'n verwyderbare USB-geheuestokkie te bewaar (u moet u eie een gebruik)
- Die SmartCape- draadlose internettoegang stel 'n gebruiker in staat om internettoegang deur 'n persoonlike draadlose apparaat te verkry.

**Registrasie as ’n gebruiker van die SmartCape-fasiliteite**
Ten einde die SmartCape-rekenaarfasiliteite of draadlose internettoegang by ’n toegangspunt (dit is aanvanklik ’n biblioteek wat hierdie fasiliteite aanbied) te benut, moet gebruikers eers registreer. Registrasie behels die keuse van ’n unieke gebruikersnaam en wagwoord. Dit moet gememoriseer en vertroulik gehou word. Gebruikersname word die voorvoegsel van elke geregistreerde gebruiker se e-posadres - kies dus versigtig! Sodra dit gedoen is, kan gebruikers van die rekenaarfasiliteite en draadlose internettoegang by hierdie en elke ander SmartCape-toegangspunt gebruik maak.

Indien ’n gebruiker vir ’n tydperk van 12 maande nie van die fasiliteite gebruik maak nie, sal die gebruiker se registrasie gekanselleer word en hy of sy sal weer moet registreer om die rekenaars te gebruik. Indien ’n individu nie aan die bepalings en voorwaardes en/of die voorwaardes van gebruik voldoen nie, sal die registrasie gekanselleer word en toekomstige registrasie sal geweier word.

**Berging van inligting**
Inligting in die vorm van elektroniese lêers wat ontvang, geskep of andersins deur die SmartCape-gebruiker besit word, kan nie op die SmartCape-rekenaars geberg word nie. Gebruikers is verantwoordelik om hul elektroniese lêers op USB-geheuestokkies te bewaar en berg en moet hulle eie USB-geheuestokkies vir hierdie doel voorsien. Die koste wat vir drukwerk aangegaan word, sal vooruitbetaalbaar wees.

**Gebruik van die internet**
Die rekenaars by SmartCape-toegangspunte is elektroniese kommunikasietoestelle. Om sy visie van Kaapstad as 'n slim Stad te vervul, voorsien die Stad Kaapstad aan sy burgers beperkte toegang tot internethulpbronne. Die internet bied toegang tot baie waardevolle plaaslike, nasionale en internasionale bronne van inligting. Sekere inligting wat op die internet gevind word, kan onakkuraat en onvolledig, verouderd en vir sommige individue aanstootlik wees. Die Stad Kaapstad aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of skade wat gely word as gevolg van enige elektroniese data en inligting wat deur ’n gebruiker bewaar en/of gebruik word nie. Ons beveel dus aan dat u die geldigheid en geskiktheid evalueer van die inligting wat gevind is.

**Aanspreeklikheidsbeperking**
Nieteenstaande enigiets tot die teendeel vervat in hierdie ooreenkoms, sal die Stad Kaapstad nie aan die SmartCape-gebruiker of enige ander persoon aanspreeklik wees ten opsigte van enige verlies of skade van enige aard wat veroorsaak word deur, of wat voortspruit uit, enige van die volgende omstandighede nie en die SmartCape-gebruiker vrywaar hiermee die Stad Kaapstad teen enige eise ten opsigte van sodanige verlies of skade:

- enige feit of omstandigheid buite die redelike beheer van die Stad Kaapstad;
- enige onderbreking in enige van die dienste wat deur diensverskaffers aan die Stad Kaapstad gelewer word (insluitend, maar nie beperk nie tot ’n lynmislukking);
- die werkverrigting of onbeskikbaarheid van die SmartCape-netwerk, of enige ander kommunikasienetwerk waaraan die SmartCape-netwerk of die SmartCape-rekenaars verbind is;
- enige tegniese mislukking in die dienste wat deur die Stad Kaapstad gelewer word, of ’n opskorting van of onderbreking in die uitvoering van enige van die Stad Kaapstad se verpligtinge kragtens hierdie ooreenkoms, as ’n regstreekse of onregstreekse gevolg van enige tegniese probleme, insluitend maar nie beperk nie tot weiering van toegang tot enige webwerf of inligting wat op die internet verskaf word;
- enige skending van privaatheid of veiligheid van enige persoon of entiteit wat geraak word deur die SmartCape-netwerk of enige ander kommunikasienetwerk waaraan dit verbind kan word;

- die verlies, skade, vernietiging, diefstal, kontaminasie of korrupsie van enige data, inligting of inhoud wat deur middel van die SmartCape-netwerk toeganklik is;
- die bewaring en integriteit van enige teks of enige ander vorm van data, inligting of inhoud wat deur middel van die internet toeganklik is;
- enige publikasie of gebruik van enige inligting of data wat op die internet verskaf word;
- die SmartCape-gebruiker se benutting van die diens of toegang tot die internet;
- die SmartCape-gebruiker se versuim om sy of haar verpligtinge kragtens hierdie ooreenkoms uit te voer, insluitende, maar nie beperk nie tot die versuim om te voldoen aan enige riglyn wat in hierdie voorwaardes van gebruik uiteengesit word;
- Die Stad Kaapstad sal, sonder om die algemeenheid van die voorafgaande te beperk, nie aanspreeklik wees vir enige gevolglike of toevallige verlies wat deur die SmartCape-gebruiker of enige ander persoon gely word nie en die gebruiker vrywaar en stel die Stad Kaapstad hiermee skadeloos teen enige sodanige eis of aanspreeklikheid, insluitend maar nie beperk nie tot die verlies van wins en die verlies van verwagte besigheid en/of klandisiewaarde.

Die SmartCape-gebruiker erken uitdruklik dat die Stad Kaapstad nie enige inligting, produkte of dienste wat deur middel van die internet aangebied word of toeganklik is, bedryf, beheer of onderskryf nie en dat enige entiteit wat sodanige inligting, produkte of dienste aanbied of verskaf, nie op enige manier aan die Stad Kaapstad verbind is nie. Die Stad Kaapstad tree ook nie as 'n agent van sodanige entiteit op nie en die Stad Kaapstad voorsien ook nie enige uitdruklike of geimpliseerde waarborge of onderskrywing aan die gebruiker of enige ander persoon ten opsigte van sodanige inligting, produkte of dienste nie. Die Stad Kaapstad ontken in die besonder enige aanspreeklikheid vir en die gebruiker vrywaar hiermee die Stad Kaapstad teen enige eis of aanspreeklikheid wat kan ontstaan as gevolg van enige inligting, produkte of dienste wat te koop geadverteer word, wat verband hou met of vertoon word op die Stad Kaapstad se webwerf of wat deur middel van die SmartCape-netwerk toeganklik is.

Geen verslapping of kwytskelding van enige bepaling van hierdie voorwaardes van gebruik deur die Stad Kaapstad of oponthoud in die toepassing van enige bepaling van hierdie voorwaardes van gebruik sal onder enige omstandighede vertolk word as stilswyende toestemming of keuse deur die Stad Kaapstad nie of as 'n kwytskelding of 'n novasie van, of andersins 'n invloed he op enige van die Stad Kaapstad se regte kragtens of voortspruitend uit hierdie voorwaardes van gebruik nie, of te voorkom of verhoed dat die Stad Kaapstad enige tyd en sonder kennisgewing streng en stiptelike nakoming van elke bepaling of voorwaarde in hierdie voorwaardes van gebruik toepas nie.

**Vrywaring**

Alles moontlik word gedoen om te sorg dat die inligting wat op hierdie webwerf beskikbaar gestel word, akkuraat en bygewerk is. Dog kan die Stad Kaapstad nie die akkuraatheid van sodanige inligting waarborg nie, of dat die inligting altyd bygewerk is nie. Die Stad Kaapstad en sy werknemers aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige gebruik of interpretasie van materiaal vervat op hierdie webwerfbediener of van materiaal waarna skakels verskaf word nie. Onder geen omstandighede sal die Stad Kaapstad, sy werknemers en enige ander persoon verbonde aan hierdie webwerf verantwoordbaar gehou word vir direkte, indirekte of gevolglike verliese of skade wat direk of indirek spruit uit die diens wat verskaf word nie. Enige sieninge wat op hierdie webwerf geplaas word weerspieël nie noodwendig die sieninge of beleid van die Stad Kaapstad nie. Enige skakel na ander inligtingsbronne verteenwoordig nie die goedkeuring van daardie bronne deur die Stad Kaapstad nie, en verteenwoordig dit ook nie bevordering van sodanige inligting of organisasie nie.

Bygewerk: 12 Junie 2018